
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

VAS EN GEBED

Die vraag oor vas is aan Jesus gerig in Lukas hoofstuk 5: **Toe sê hulle vir Hom: Waarom vas die dissipels van Johannes dikwels en doen gebede; so ook dié van die Fariseërs; maar u dissipels eet en drink? En Hy sê vir hulle: Kan julle die bruilofsgaste dan laat vas solank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word; dan sal hulle vas, in daardie dae (Luk. 5: 33-35).** Jesus het vir die skrifgeleerdes en Fariseërs gesê terwyl Hy nog met Sy dissipels was hulle nie nodig gehad het om te vas nie, maar dat daar 'n tyd sou kom dat Hy sou weg gaan en gedurende daardie tyd wanneer Hy nie by hulle sou wees nie, hulle sou vas wanneer hulle gedring voel om dit te doen. Ons weet dat Jesus belowe het om na die aarde terug te keer om Sy Bruid, die Kerk, te kom haal en wanneer dit gebeur sal dit nooit weer nodig wees om te vas nie. Ons sien egter uit die woorde van Jesus in Matt. 6:16 dat Hy van Sy dissipels verwag om te vas totdat Hy terug kom. **En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg (Matt. 6:16).**

Vas was deur al die eeue en onder al die nasies baie gebruik in tye van rou, hartseer en beproewing. Ons lees van baie in die Bybel wat gevas en gebid het in tye van benardheid en van groot behoefte.

'n Goeie voorbeeld is toe Moses die tien gebooie ontvang het en ons sien in **Ex. 34:28: En hy was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie. En Hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe.**

Soos met enige godsdienstige praktyk is daar gevare in vas vir die verkeerde redes wat duidelik in die Skrif aangeteken is:

Die vas mag beskou word as 'n metode om iets van God te kry, met ander woorde, vas met 'n verkeerde motivering. **Jes. 58: 3-4: Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan. Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie.** Dit kan 'n vas wees as 'n PLAASVERVANGER vir die WARE BEKERING wat nodig is vir 'n verbeterde verandering in ons lewens gedrag. **Jes. 58: 5: Is dít die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees?** Dit is suiwer skynheiligheid.

Dit kan ook net 'n godsdienstige vertoning of ritueel wees, meer gewoonte en daarom 'n oogmerk in homself. **Sag. 7: 5: Het julle toe werklik ter wille van My gevas?** Hierdie vas sal eenvoudig wetties wees.

Dit kan 'n geleentheid word om godsdiens te vertoon en lei na selfgeregtigheid wat die teenoorgestelde van nederigheid en ware berou is. **Matt. 6: 16: En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Luk. 18: 12. "Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry."** In plaas van om jouself te verootmoedig terwyl jy vas en die Naam van die Here aan te roep word trots en

vertoning en selfverheffing vertoon deur die handeling van vas.

Daar is baie voorbeelde van vas in die Bybel opgeteken en baie beginsels wat daaruit geleer kan word.

1. **1 Kon. 21** – Agab en Isebel het 'n vas uitgeroep om Nabot te bedrieg, dood te maak en sy grond te vat.

2. **2 Kron. 20: 3** – Moab, Ammon en die Meuniete het gekom om teen Josafat oorlog te maak. Hy was bang en het sy aangesig daarop gerig om die Here te soek en het 'n vas regoor Juda uitgeroep. Lees die hele gedeelte, 'n eersteklas lofwaardige storie!

3. **1 Sam. 7: 6** – Die Israeliete het gevas toe die ark deur die Filistyne terug gegee is. **Hulle kom toe bymekaar by Mispa, en hulle het water geskep en dit voor die aangesig van die HERE uitgegiet, en dié dag het hulle gevas en daar gesê: Ons het gesondig teen die HERE.**

4. **1 Sam. 31: 13** – Die dapper manne van Jabes – Gilead het die liggame van Saul en sy seuns geneem en begrawe en sewe dae gevas. **2 Sam. 1: 12** – Hulle het gerou, gehuil en tot die aand vir Saul, Jonathan en vir die volk van die Here en die Huis van Israel gevas. Omdat hulle deur die swaard geval het.

5. **2 Sam. 12:21 –23** – Die siekte van die eerste seun wat Batseba vir Dawid gebaar het.

6. **1 Kon. 21: 27** – Agab verneder homself voor die Here en het gevas.

7. **Esra 8: 21 – 23** – **Toe het ek daar 'n vastyd uitgeroep aan die rivier Ahawa, om ons te verootmoedig voor die aangesig van onse God ten einde van Hom 'n voorspoedige reis te vra vir ons en ons families en al ons goed. Want ek was skaam om van die koning 'n leër en perderuiters te vra om ons te help teen vyande op die pad, omdat ons met die koning gespreek en gesê het: Die hand van onse God is ten goede oor almal wat Hom soek, maar sy krag en sy toorn oor almal wat Hom verlaat. So het ons dan gevas en onse God dit gevra, en Hy het ons verhoor.**

8. **Neh. 1:4** – Toe hy van die oorblyfsel in gevangeneskap (wat oorleef het) se nood en die mure van Jerusalem wat afgebreek is gehoor het, " **het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel."**

9. **Neh. 9:1** – Mure herbou, Wet gelees, reaksie deur berou, **En op die vier en twintigste dag van hierdie maand het die kinders van Israel vergader en gevas in rouklere en met grond op hulle hoof. ...gaan staan en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregtighede van hulle vaders. ...gelees uit die wetboek ... belydenis gedoen en die HERE hulle God aanbid.**

10. **Ester 4: 3** – Haman het 'n edik uitgevaardig om al die Jode te vernietig. En in elkeen van die provinsies waar die bevel en dekreet van die koning gekom het was daar groot rou onder die Jode met vas, geween en gekerm.

11. **Ester 4: 16** – Ester se vas: **Gaan heen, versamel al die Jode wat in Susan te vinde is, en vas julle om my ontwil; en julle moet nie eet en drink nie, drie dae lank, nag en dag; ek ook met my dienaresse sal net so vas; en so sal ek na die koning ingaan, wat nie volgens wet is nie, en as ek omkom, dan kom ek om.**

12. **Ester 9: 31**: - Ester en Mordegai het 'n brief geskryf...**om dié Purim-dae op hulle bepaalde tye vas te stel soos die Jood Mórdegai en koningin Ester dit vir hulle verorden het, en soos hulle vir hulself en hul nageslag die voorskrifte aangaande die vastyd en die daarby behorende weeklag vasgestel het.**

13. **Ps. 35: 13** – **ek het my siel gekwel met vas.**

14. **Ps. 69: 10** – **my siel het geween met vas; maar dit het smaadhede vir my geword.**

15. **Ps. 109: 24** – **My knieë knik van vas, en my vlees het maer geword, sonder vet.**

16. **Jer. 14: 12** – God en Jeremia praat oor die afgedwaalde volk van die Here: **As hulle vas, luister Ek nie na hulle gesmeek nie; en as hulle brandoffer en spysoffer bring, het Ek in hulle geen behae nie; maar deur die swaard en die hongersnood en die pes maak Ek hulle tot niet.** (Mense wat **nie** God se weë gehoorsaam nie).

17. **Jer. 36: 6, 9** – **Gaan jy dan en lees uit die rol wat jy uit my mond beskrywe het, die woorde van die HERE voor die ore van die volk in die huis van die HERE, op die vasdag... Want in die vyfde jaar van Jójakim, die seun van Josía, die koning van Juda, in die negende maand, het hulle 'n vasdag voor die aangesig van die HERE uitgeroep--die hele volk in Jerusalem en die hele volk wat uit die stede van Juda in Jerusalem gekom het.**

18. **Dan. 9: 3** – Lees die hele hoofstuk. **En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas, en in roukleed en as, my aan gebed en smekinge te wy.**

19. **Joel 1: 14** – **Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die HERE julle God, en roep tot die HERE.**

20. **Joel 2: 15** – **Blaas die basuin op Sion, heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam!**

21. **Jona 3: 5** – **En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee.**

22. **Joel 2: 12 Maar selfs nou nog, spreek die HERE, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geween en rouklag.**

23. **Sag. 7: 5** – Lees die hele hoofstuk.

24. **Sag. 8: 19** – Vas van die 4de, 5de, 7de en 10de maande.

JESAJA 58

In **Jes. 58: 3 – 6** is daar fantastiese stellings oor vas, lees die hele hoofstuk wat ons baie leer oor wat God van ons verlang wanneer ons vas. Die volgende punte is uit die Skrifgedeelte geneem.

'n VAS WAT NIE VIR GOD AANVAARBAAR IS NIE BESTAAN UIT:

A) Op die dag as julle vas vind julle jul begeertes, julle soek geleentheid om sake te doen.

B) Julle jaag al julle arbeiders aan (v 3) wanneer julle oor jul sondes bedroef moet wees en alle werk moet stop.

C) Vas net om te twis en te kyf en om te slaan met misdadige vuis.

D) Dit is slegs meganies.

E) Dui 'n onopregte toestand van die hart aan deur sak en as uit te sprei en die hoof buig (wetties, onopreg, krities, selfsugtig, trots, onderdrukking).

'n VAS WAT VIR GOD AANVAARBAAR IS BESTAAN UIT:

A) Die bande losmaak van goddeloosheid.

B) Afhaal die stroppe van die juk.

C) Vry laat weggaan die verdruktes.

D) Jou brood breek vir hom wat honger is.

E) Die ellendiges, swerwelinge in jou huis inbring.

F) Naakte klee.

G) Jou vir jou eie vlees nie verberg nie.

VAS IN DIE NUWE TESTAMENT

1. Matt. 4: 2: **En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword (Jesus)**.

2. Matt. 6: 16 -18: En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy vas, salf jou hoof en was jou gesig, sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. (Ons moet normaal lyk en stil bly daaroor!)

3. Matt. 9: 14 -15: Daarna kom die dissipels van Johannes na Hom en sê: Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas nie? En Jesus sê vir hulle: Kan die bruilofsgaste dan treur so lank as die bruidegom by hulle is? Maar daar sal dae kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas.

4. Matt. 17:21: Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie (Verwys na die demone in die epileptiese).

5. Mark. 2: 18 kyk na 3 'n parallelle verwysing.

6. Luk. 2: 37: Anna die profetes wat in die tempel diens gedoen het deur nag en dag te vas en bid.

7. Luk. 5: 33-35: Kyk na 3 en 5, parallelle verwysings.

8. Luk. 18: 12: **Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry (**Fariseër). **9. Hand. 9: 9**: **En drie dae lank het hy** (Saulus) **niks gesien nie, en niks geëet of gedrink nie.**

10. Hand. 10: 30-31: Cornelius was besig om te vas toe aan hom gesê is om Petrus te laat haal en Petrus kon gevas het in sy tyd van intersessie.

11. Hand. 14:2: En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here.

12. Hand. 13: 2-3: En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

13. 1 Kor. 7:5: 'n Plek vir tye van selfbeheersing, gebed en vas binne die egte huweliksverhouding. **Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.**

Vas in die Skrif is:

1. Verbind met self – vernedering in berou **[1 Kon. 21: 17, Ps. 35: 13]**.

2. Intiem verbind met gebed **[Matt. 17: 21, Hand. 13: 3].**

3. Vir uitbreiding van die koninkryk of God te soek **[Hand. 10: 30].**

4. Gebruik wanneer 'n definitiewe opdrag van God onderneem word **[Esra 8: 23, Hand. 13: 3].**

5.Volgens Jesus se voorbeeld **[Matt. 4: 2]**.

Let ook op dat die vas 'n tyd van versoeking en daarom van toetsing is met die doel om groter krag en volharding in toekomstige bediening te verkry. Sien volgende Geestelike Voorbereiding gedeelte.

'n Gedeeltelike vas laat baie variasies toe wat met seën en voordeel probeer is. Iemand mag uitsluitlik een soort kos eet vir die duur van die vas soos om droë brood te eet of slegs druiwe. Of een mag die uur vir middagete vir 'n aantal dae met God deurbring i.p.v. te eet. Waaksaamheid is nodig om te verseker dat die waarde van die oorgeslaande maaltyd gekanselleer word deur met ander maaltye meer te eet.

Die vas is van groot waarde wanneer omstandighede dit onmoontlik of ongerieflik maak om 'n normale vas te neem. Dit is geskik vir ouer persone of diegene met 'n swak liggaamsgesteldheid. Dit kan gebruik word as 'n hulpmiddel na die normale vas as jy nog nooit tevore gevas het nie.

'n Groot voordeel is dat selfs nadat vir 'n lang tydperk aangehou is, normale eet feitlik dadelik hervat kan word, wat nie die geval is met die ander twee soorte vas nie. Hier moet ook elke dag baie water gedrink word en kruie tee kan in die plek van koffie en tee geneem word.

Ter opsomming, vas word normaalweg af en toe onderneem, soos die behoefte ontstaan en is 'n persoonlike saak tussen die indiwidu en God.

"Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie." 1 Kor. 6: 12.

Vas het 'n manier om ons van die materiële wêreld los te maak, sodat ons gedagtes presies georiënteer en op God en die onsienlike wêreld gefokus is, waarvan Hy die middelpunt is. Deur vas ontstaan 'n vrystelling van geloof, wat **"'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie"** is **[Heb. 11: 1].**

In die Skrif is baie magtige dinge opgeteken wat God deur die jare vir gewone mans en vrouens gedoen het wat gewaag het om Hom te glo. Hulle het koninkryke oorwin, beloftes ontvang, die bekke van leeus gesluit, geweldige vure geblus en was selfs ooggetuies van die opwekking van die dode **[Heb. 11: 33 – 35].** Vas wek geloof op wat God behaag.

Wanneer die Here jou in enige situasie roep om te vas en jy seker is dat jy Sy stem hoor, wees dan verseker dat Hy jou die oorwinning wat nodig is sal gee! Nie slegs het ons hierdie waarheid in die lewens van mense in die Bybel gedemonstreer gesien nie, maar ons het persoonlik groot oorwinning deur gebed en vas ondervind deur die jare van bediening. Ons het gesien hoe mense bevry word van alkohol, dwelms en wellus. Ons het gesien hoe bedieninge herstel word, liggame genees en huwelike gered word. Wie anders as jy sal bereid wees om te bid en vas vir jou ongeredde huweliksmaat wie se gedrag so is dat jy nie langer saam met hom/haar kan leef nie? Jy moet voorbereid wees om te bid en vas vir sy/haar redding en bevryding en nie opgee nie! Dieselfde geld vir daardie seun/dogter wat in dwelms vasgevang is. Vas en gebed is die manier waarop jy jou lewe aflê sodat ander bevry kan word en lewe! God sal jou offerdaad eer en jou die oorwinning gee. Vas saam met gebed is 'n uiters kragtige geestelike wapen waardeur dit vir ons moontlik is om die gevangenis vry te maak tot die eer van God, in die Naam van Jesus! ***

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

Jes.43:2: As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

Hierdie vers herhinner ons aan Daniël se drie vriende wat in die vuuroond gegooi is, maar uitgekom het sonder 'n teken van rook aan hulle!

God verklaar dat ons tye van beproewings en moeilikheid in ons lewens SAL ondervind, maar Hy gee ons 'n ongelooflike versekering.

Ja, die moeilikheid mag werklik wees, maar, soos 'n skaduwee, die werklike inhoud kan geen skadelike effek op ons hê nie. Die vlees mag skop en skreeu, maar as ons met hierdie probleme in en deur die krag van God se Gees deel, sal en kan die uitdagings oorkom word. Dit is Sy belofte aan ons: **"Groter is Hy wat in ons is as hy wat in die wêreld is."**

As die lewende Christus in ons is deur Sy Gees, kan geen situasie ons oorwin as ons onsself en dit aan Hom oorgee!

Ons sal die groot stroom water na ons toe sien aankom, maar as dit oor ons spoel, sal ons daardeur kom sonder enige slegte gevolg. Ons sal die dreigende dansende vuur rondom ons sien, maar God sal verseker dat dit ons nie raak nie!

Hy het ons verseker dat Hy alles van ons weet en alles wat met ons sal gebeur (lees **Ps. 139**) dus hoef ons nooit te vrees nie, want ons liefdevolle hemelse Vader hou ons stewig in die palms van Sy Hande. Wanneer ons tyd hier verby is, sal ons uit verganklikheid in onverganklikheid stap en so sal ons altyd by die Here wees! Halleluja!

The Foundation of our Faith

The Bible tells us in the Book of **Hebrews chapter 11 verse 1** what faith is. **Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen.** In the Amplified Bible this verse reads as follows; **Now faith is the assurance (the confirmation, the title-deed) of the things (we) hope for, being the proof of things (we) do not see and the conviction of their reality- faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses.**

Simply put, our faith is the "matter" or "material" of the things we are hoping and praying for. It is the proof of things we have not yet seen and the certainty of their reality although we have not yet perceived them! Faith is the **substance**, the catalyst required of us by God so that He will bring those things hoped for into reality. But this faith must be directed towards God's ability to bring that "hope" to pass. Have faith in God! **(Mark 11;22).** That is essential. In **verse 6** of **Hebrews chapter 11,** an important truth is revealed; **But without faith *it is* impossible to please *Him*: for he that cometh to God must believe that He is, and *that* He is a rewarder of them that diligently seek Him.**

When His Apostles asked Jesus saying, **"Increase our faith",** we read in the Book of Matthew: **So the Lord said unto them ……for verily I say unto you, if you have faith as a mustard seed, ye shall say unto this mountain, remove hence to yonder place; and it shall remove; and nothing shall be impossible unto you (Matt. 17:20).**

Jesus spoke this amazing promise to His disciples, and since Jesus **is the Truth (John 14:6),** we can be sure that He meant what He said, and that what He said is possible! The **truth** of His words is not the issue then, the real issue is, "how do we acquire the faith necessary to remove a mountain?"

Many people say that they do not have faith, or that their faith is not strong enough. They have some strange notion that faith is something that they have to whip up suddenly in a crisis, and that they fall far short of the requirement. Some frantically declare; "I believe! I believe!" and by the sheer anxiety in their voice you can tell that they are trying not to only convince themselves, but those around them as well. They enter a sort of struggle within themselves. But faith is not conjured up through hype; in fact faith is quite the opposite, because faith is simply **TO TRUST**. It is in fact, trusting your Heavenly Father to do what He has promised to do in His Word, if you abide by His conditions. It requires you to lean on Him completely, knowing that you can rely on Him and His promises in childlike manner. This then, completely eliminates all the struggle of trying to work up "enough faith", acceptable to the Lord in your time of need, because trust is a place of **REST**, and not an act of **STRIVING!**

Jesus said in **Matt. 18:3-4: Verily I say unto you, Except ye be converted, and become as little children, ye shall not enter into the kingdom of heaven. Whosoever therefore shall humble himself as this little child, the same is greatest in the kingdom of heaven.**

Let us consider for a moment this TRUST or FAITH, which is completely different to head knowledge! You can only fully trust or have complete faith in your fellow man, husband, wife or parent when you know them personally and have found them to be reliable. You do not know ABOUT them, you know them intimately! You know, and are sure of their love for you and loyalty to you! To illustrate this important point, consider the following example. When my children were still at school, we all had lunch together every day. They would hurry home each day after school and burst into the house and make straight for the dining room table! There lunch was served and they tucked into it with great gusto after their hard day at school. This happened daily and was the most natural thing in the world. They would arrive with absolute assurance that there would be a meal waiting for them. I am quite sure that they never doubted for a moment that their lunch was awaiting them when they arrived! They just KNEW that there would be a meal and they looked forward to it! This is an example of practical **faith or trust**! Faith and trust in a father and mother who would see to it that a plate of food would be ready at the right time, and that their needs would be met. Why did it never occur to them to wonder, doubt or worry about whether or not their lunch would be there for them? ***Because they had learnt to have absolute trust in the parents who provided it for them***. Why did they have such unwavering faith in their parents? Because they knew them and

thus had the ASSURANCE of their love for them and the ASSURANCE that they would never disappoint neither would they let them down. They knew that if necessary, their parents would have gone without, so that they could eat. The Word teaches that unless we become as little children we will not enter the Kingdom of Heaven **(Matt. 19:14).**

A child finds it easy to simply believe and **trust** his father's word and promise, and yet an earthly father who is a sinner may still tell a lie, but God's Word and His promises are infallible because He is infallible, they are everlasting, because He is everlasting, and He and His Word are one. Father God tells us in His Word that He is not a man that He should lie! **(Num. 23:19)**

We as Christians know that Christianity is not a 'religion' (like Islam, Hinduism, Buddhism and other world religions), **but is a personal relationship with Father God, our Heavenly Father, made possible only through Jesus Christ our Lord.** When we receive Jesus as our personal Saviour, God becomes our Heavenly Father and Jesus said we were to pray saying 'Our Father' **(Matt. 6:9).** As Born again Christians, we have a Father/child relationship. It is a loving personal relationship. In a physical relationship between an earthly father and his child, the love of his earthly father; (regardless of how deep and sincere it may be) is, at best only a shadow of the immensity of God's Great love for, and His faithfulness towards every child of His! We have only to consider the incredibly high price Father God paid in giving His only begotten Son to the world, to die such a terrible death on the Cross at Calvary, so that you and I can become His children through that wonderful work of reconciliation! What unfathomable love! John 3:16 tells us **For God so loved the world that He gave His only begotten Son, that whoever believes in Him should not perish but have everlasting life.**

Everyone needs to read our book "The Lord's Table and Healing" for a fuller understanding of the great love and provision of our Heavenly Father, and the costly price that only Jesus the Lamb of God could pay for you and for me. WHAT GREAT LOVE! The child learns this love by knowing his parents as they spend years living together and spending time together. In this way he gets to know his parents intimately. This relationship of absolute trust or faith does not take place overnight; it comes about as a result of living together and walking the same road. It comes about through learning by experience the reliability and dependability of the parents. The results however are absolutely wonderful in the long run when that child displays an unwavering trust and faith in his parents. So it is with our Heavenly Father, there is no easier or quicker way of developing faith or trust in Him! There is no instant recipe. Faith comes by getting to KNOW Him through *spending time* with Him and *walking* with Him. This is done by reading His Word and in prayer, which is communication with God the Father in the name of Jesus. This will build up our trust in Him so that we will never waver in our faith regarding His promises.

Now that we have established what faith is, let us consider what it is NOT. Faith we have established as being trust, and trust comes from the heart. Faith is not simply believing with the mind. Belief is not Faith until action accompanies it..

Since 1979 this ministry has brought us into contact with many people who confess to being believers - people who say that they "believe", but let us look at what **James 2:19** has to say. **Thou believest that there is one God; thou doest well: the devils also believe, and tremble…**

The devil and demons believe all about God, but they do not act upon His word!

It is acting upon what we believe that makes us true believers! "Believe" in this sense is a verb. If you are told that there is a bomb in your house, you would not just keep sitting in your chair "believing" that what you had heard was true, because if you ***truly*** believed what you had been told, you would **act** upon what you **believe** by evacuating the house as quickly as possible!! Faith is acting upon what you believe. Faith without action is dead according to **James 2:17**. It may be that the action is just "standing" in faith, as we are exhorted to do in Eph. 6:13 — **and having done all, to stand!**

I have often been asked by someone to pray for healing for a loved one whom they describe as being "a real believer", yet when I speak to the sick person personally, I discover that he may well be a regular church goer, who believes that God exists and that Jesus Christ came to this earth and commanded us to love our neighbour, but that is about the sum total of what he believes! You see, thousands of non-

Christians also believe this, but it does not make believers of them. Believers are those who totally and completely **TRUST** in Father God and His Son Jesus Christ. Trust them to answer their prayers according to the promises in God's Word.

The Word of God tells us in **Ephesians 2:8: For by grace are ye saved through faith; and that not of yourselves: *it is* the gift of God:** In other words this scripture is saying that it is because of the grace of God that we were saved, and that this salvation became ours through FAITH, however the faith that was essential for our salvation, was not even of our own merit, it was a gift of God.

In **Eph. 2:8-9: For by grace are ye saved through faith; and that not of yourselves: it is the gift of God.** God actually gives the measure of faith by which we can believe for our salvation! The way in which our Heavenly Father actuates this "God-given-faith" in us, is through His Living Word – the Bible. It is after all through His Word that we realised we were sinners in need of a Saviour, and that God loves us with an everlasting love that leads us to repentance. The Bible is God's chosen method, and there is no other way to obtain faith in Him.

Each one of us, who is born again of the Spirit of God, begins our new life in Jesus with a measure of faith which is a gift from God. So no one can say that they do not have any faith, because this would contradict God's Word.

Romans 12:3 tells us that **everyone** who is born again through having accepted Jesus Christ as their personal Saviour and Lord, has a God given measure of faith. **For I say, through the grace given unto me, to every man that is among you, not to think *of himself* more highly than he ought to think; but to think soberly, according <u>as God hath dealt to every man the measure of faith.</u>** Remember that Paul was writing to the Church of Rome, the Body of Christ. If you are a member of His Body here on earth, you have "the measure of faith", just as does every other child of God. Remember, God does not have favourites, and because of this He gives to each one of us an equal measure of faith. This faith is a gift of God to you and to me.

But this faith is actually like a seed which has been planted in our heart by the Holy Spirit and then has to be fed and watered with the Word of God so that it can grow big and strong, for us to really be able to trust God fully. Once again emphasis is laid on the knowledge of the Word by which we build our relationship with our Heavenly Father, and by which faith increases.

In **Romans 10:17** we read: "**So then faith** (trust) **comes by hearing, and hearing by the Word of God.** It follows therefore that our faith in our Heavenly Father comes and grows stronger by hearing and reading His Word on a regular basis, and then acting on it and discovering that it can be relied upon! As you read the Word, it is God actually speaking to YOU! Although you are using your eyes to read, your ears are hearing the voice of your Heavenly Father as He speaks to you through His Word. His Words are Spirit, Life and they are Truth **(John 17:17 and John 6:63)**, therefore they feed your spirit man and in doing so your faith grows.

We cannot pray for more faith or stronger faith; we must spend more time in the Word of God for our faith to grow. As we read the TRUTH of our Almighty God, of His care and provision for all those who love Him, and how He worked miracles throughout the centuries in the lives of those who put their trust in Him and believed Him, we will become aware of His faithfulness, and our trust will increase. His Word tells us in **Hebrews 13:8: Jesus Christ is the same yesterday, today, end forever. Mal. 3:6: For I am the Lord, I do not change.**

The Bible tells us very clearly that without faith it is impossible to please God. We read this in **Heb. 11:6. But without faith *it is* impossible to please *Him*: for he that cometh to God must believe that He is, and *that* He is a rewarder of them that diligently seek Him.**

It is quite clear then that we please God by displaying our faith in Him and His ability, and conversely we grieve the heart of Father God when we display a lack of faith. Jesus always commended those who came to Him in faith when requesting healing. He would say, "Your faith has made you whole" or "according to your faith so be it unto you." And yet we often come to our Heavenly Father with doubt in our heart, saying: "Heavenly Father, I know that You love me, because You sent Jesus, Your only Begotten Son, who paid for my sin on the Cross, and you bless and provide for me every day, yet I do not have enough faith or trust to believe that You are going to heal this illness."

The most important reason then for desiring to have faith, is that it pleases God. It delights

Him when we show Him that we trust Him in all circumstances. He rewards our faith in Him. That is why the devil attacks our faith and tries to undermine our trust in Him. We are exhorted to "fight the good fight of faith". Our faith is the devil's target, and so when we choose to believe God's Word and display a trust in Him, we overcome the enemy.

On the other hand the Word also tells us that the man who wavers when he asks of the Lord, will not receive anything at all! **James 1:6-8: But let him ask in faith, with no doubting for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.** Wavering shows a lack of faith and double mindedness and is an insult to the Mighty God who is also our loving Heavenly Father. We must come to God in faith, trusting Him completely, when we pray: **For we walk by faith, not by sight (2 Cor. 5:7).**

The Word of God also tells us in **Rom. 14:23 .... for what soever *is* not of faith is sin.**



Uit ons Kantoor

Geliefde Familie in Jesus,

Een van die Skrifgeleerdes het vir Jesus gevra **"wat is die grootste gebod van almal** ?" en Jesus het hom geantwoord.....(Mark. 12: 28-31). Ek het altyd gesê om jou naaste soos jouself lief te hê, beteken eintlik om nie iets aan enigiemand te doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie, en die gevolg is dat as ons die Here met ons hele liggaam, siel en krag lief het ons begeerte sal wees om Hom in alles wat ons doen en sê te behaag.

Ons ontvang daagliks baie, baie briewe en telefoon oproepe by die Sentrum van mense met desperate behoeftes en gebroke huwelike en aanvalle op huwelike is prominent tussen die gebedsversoeke! Satan sal altyd probeer om 'n huwelik op te breek deur elke moontlike manier tot sy beskikking en dit is omdat, volgens die skrif die huwelik van 'n man en 'n vrou 'n verbond is wat met God gemaak is en 'n belofte wat aan mekaar gemaak is en dui simbolies op die Here Jesus Christus (Bruidegom) en die Kerk (Sy Bruid). Efesiërs 5: 22-29 (misterie van Christus en Sy Kerk). Hierdie feit is die rede vir Satan se aanhoudende pogings om wrywing tussen 'n man en vrou te veroorsaak met die doel van algehele vernietiging (soos met Adam en Eva wat die eerste sonder was), en daarom moet ons, ons huwelik met al ons krag bewaak. Wanneer ons bewus is van Satan se einddoel kan ons, " so versigtig soos slange en so opreg soos duiwe" wees (Matt. 10:16) deur hom nie toegang in jou huwelik te gee nie, maak nie saak wat die provokasie mag wees nie, want dit is ons tweede belangrikste verhouding na ons verhouding met ons Here Jesus Christus. (Lees ons boek Die Krag Van Vergifnis).

Hou dit in gedagte, dieselfde geld vir ons omgang in die lewens van andere. Jesus het goed geweet dat die harte van baie gebreek sou word en dit is waarom Hy in Luk. 4:14 verklaar het dat Hy gestuur is om " die verbryseldis van hart te genees ". Ons voorblad artikel handel met die innerlike genesing van hulle wie se lewens beskadig is deur slegte verhoudings en moeilikhede. Laat ons strewe om waar moontlik lewe en nie dood in situasies te bring en om vredemakers te wees van wie Jesus in Matt. 5:9 gespreek het. Jesus het gesê dat hulle geseën sou word en seuns van die Here genoem sou word. Dit is so maklik om te praat voordat ons dink van hoe ons woorde andere sal affekteer, en wanneer die woorde gespreek is is dit onmoontlik om hulle terug te trek. Harde woorde en dade kan verwoestende gevolge in andere se lewens hê en die Woord sê vir ons dat ons verantwoordelik is vir elke ydel woord wat deur ons gespreek is en verseker ook vir elke harde en skadelike daad wat ons 'n ander aangedoen het. Laat ons dus bely, om vergifnis vra en aanbeweeg deur elke "bose" met die "goeie" te oorwin, om selfs genade te bewys aan die wat ons haat en ons nydig misbruik, omdat dit die natuur van ons genadige en liefdevolle Here is wat geduldig en goed met elkeen van ons is. Soos ons 'n seën vir almal word, beginnende by ons Here dan ons gade, familielede, vriende en selfs vyande sal ons die seëninge en belonings oes wat Jesus aan ons in Sy Woord beloof het.

Lente is in aantog en Lente bring die begin van 'n ander kringloop. Dit is 'n seisoen wat hoop en nuwe begin reflekteer, laat ons daarom opnuut ons verhouding met die Here en andere benader, in ons harte besluit om nie net die Here met ons hele liggaam, siel en krag lief te hê nie, om ons huwelik te lei en ons huweliksmaat soos nooit te vore lief te hê nie, maar om ook ons naaste lief te hê soos ons onsself lief het.

Ons wil elkeen van julle bedank vir jul liefde en ondersteuning deur gebed en finansies wat ons in staat stel om aan te hou uitreik na die verlorenes in tronke, op die grootpaaie en sypaaie met die wonderlike en kragtige boodskap van die Evangelie van ons Here Jesus Christus. Wees verseker van ons waardering, ons liefde en gebede.

Baie liefde,
Meg en die Gebedspan